

## Donderdag 7 Maart

**Skrifgedeelte: Josua 6:15-27**

**Fokusgedeelte: Josua 6:26**

### **'n Teken van herinnering – uit genade deur geloof**

Die verklaring van Josua ná die inname van Jerigo dien as 'n herinnering van die oorwinning wat die Here aan sy volk gegee het.

Dit is belangrik om te besef hoe belangrik Jerigo in daardie dae was. Die stad was strategies geleë uit 'n militêre sowel as ekonomiese oogpunt. Dit was op die grens van die Beloofde Land en op die oewer van die Jordaanrivier, en op die “Koninklike Hoofweg” van Edom na Damaskus en van Egipte na Mesopotamië.

Die straf van die Here wat Josua aankondig, het nie beteken dat Jerigo nooit weer bewoon mag word nie (vgl. Rig. 3:13), maar dat dit nie weer as 'n vesting sou dien nie. In die tyd van koning Agab het Giël van Bet-El die stad Jerigo weer versterk, en beide sy seuns het gesterf. God wou hê dat Jerigo bekendstaan vir sy gebreekte mure en verstrooide klippe. Nie Israel of Josua kon krediet daarvoor geneem het nie. Hulle het net om die stad gestap, die ark gedra en op die ramshorings geblaas. Die hoop klippe spreek van vloek en seën, van oordeel en genade, van straf en verlossing. Dit was die Here wat die mure afgebreek en verwoes het. Die mense kon die gawe van God deur geloof ontvang (vgl. Heb. 11:30). Die boodskap van hierdie gedeelte spreek van genade en geloof.

Vandag hoor ons dieselfde boodskap van genade wanneer ons aan Jesus Christus se kruisdood en ons verlossing dink. Paulus skryf: “Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag” (Fil. 3:20). Ons redding lê nie in versterkte aardse stede en huise nie, maar in ons geloof en vertrouwe op die Here. Mag die Heilige Gees hierdie geloof en vertrouwe in ons lewe bevestig en laat groei.

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 10, 12*

*Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)*